Rowwe realiteit van kinders beveilig

25th Feb 2020

Deur Linza de Jager.

Die bekende privaatspeurder Mike Bolhuis draai nie doekies om wanneer dit by veiligheid kom nie. "Die mens het geen waarde vir lewens nie," sê die speurder van Pretoria tydens 'n gesprek met *The Grotto*. Hy raai mense aan om in 'n "paranoid, survivalist mode te beweeg."

Die bekende privaatspeurder Mike Bolhuis. Foto: Facebook

Geen kortpad

Bolhuis glo dat daar geen kortpad is om kinders te beveilig nie. Die verantwoordelikheid rus in sy oë bowenal op die ouers, maar ook op familie en die gemeenskap. "Ek vra altyd (vir ouers): waar is jou kind vanaand? Kyk jy na sy foon? Ken jy sy maatjies? Laat jy hulle sommer oorslaap?" Bolhuis glo dat kinders reëls waardeer. "Kiddies kom agter hulle ouers bedoel goed," sê hy. "Die mens is 'n skaap. Hy moet in 'n hok wees."

Tegnologie kan help
Bolhuis se raad aan ouers sluit in dat hulle "kinders moet leer om nie na ure in malls rond te loop of in karre te klim nie." Selfone kan ook vir ouers help om hul kinders te beveilig. "Kinders word gegryp," sê hy. "Ouers moet die nuutstge apps gebruik met 'n appropriate location identifier." Bolhuis glo dat 'n kind 90% meer in gevaar is as hy buitenshuis, sonder ouerlike toesig is.

Die verhouding met die kind
Dis steeds moontlik om kinders te beveilig, maar dis harde werk. "Dis in jou verhouding met jou kind," benadruk Bolhuis. "Jou kind moet soos 'n deel van jou arm wees." Hy raai die publiek aan om wakker te skrik. "Die publiek moet uitkyk vir iets wat verdag is. Gesinne ook. As 'n oupa te veel met 'n kind is. Enigiets wat te TE is…"